

eish!

Personeelblad van die NWU



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

VOLUME 5 No 1 Maart 2011

Prof Amanda Lourens, Viserektor: Navorsing en Beplanning van die Potchefstroomkampus is vol geesdrif oor die strategiese planne en die navorsingsgerigtheid van dié kampus. Lees meer hieroor op p8 en 9.

Lees binne!

- 3** Nuwe hoede vir topbestuur
- 6** Duisende staan op NWU-drumpel
- 7** Bouwerk op dreef in 2011

Geesdrif in oorvloed

Eish! dis 'n nuwe jaar!

Teen dié tyd het ons reeds 'n paar paragrawe geskryf van die nuwe NWU-hoofstuk wat ons in Januarie 2011 begin het. Tog bly die "nuwigheid" van die nuwe jaar steeds inspirerend.

Wat Eish! betref, skryf ons die nuwe hoofstuk op 'n omgewingsvriendelike, groen bladsy. Om ons deel te doen vir volhoubaarheid, druk ons die Eish! nou op herwinbare papier wat vervaardig word deur middel van 'n suurvrye proses en van hout wat net van volhoubare plantasies af kom.

Ook die NWU se topbestuur het in 2011 'n nuwe hoofstuk begin. Lees gerus op p3 van die nuwe voorkoms van die Institusionele Bestuur. Van hul postitels is verander, sommige het nuwe verantwoordelikhede bygekry en 'n nuwe pos, dié van Uitvoerende Adviseur: Transformasie en Diversiteit, is in die kantoor van die Visekanselier geskep.

Lees gerus ook op p7 van die nuwe projekte wat die Departement Fisiese en Infrastruktuur vir die drie kampusse vir hierdie jaar beplan, en slaan die eerstejaars gade wat omtrent met 'n stormloop ons drumpels betree het (p6).

Die wenners van verlede jaar se kompetisie word aangekondig, en ons eerste kompetisie vir die jaar is op p14. Komaan – neem deel – daar is heerlike pryse op die spel!

Sterkte vir hierdie jaar wat voorlê, en mag ons hierdie jaar nog hoër hoogtes beleef.

Groete,

Nelia & Marelize



BOODSKAP VAN DIE VISEKANSELIER



“ Geniet die opwindende tye waarin ons leef. ”

Beste kollegas

Die jaar is reeds voltooi aan die gang, en ons is dankbaar dat ons op koers is met ons teikens vir eerstejaarsinskrywings.

Ons het die afgelope weke net meer as 7 000 nuwe studente op ons kampusse verwelkom – 'n styging van 7,3%. Die bereiking van ons inskrywingsteikens aan die een kant, asook die kwalitatiewe deurvloei van ons studente, word toenemend belangrik in terme van ons subsidietoekennings.

Lees meer op p3 oor die herstrukturering van die Institusionele Bestuur (IB). In wese behels dit 'n verdere verskerping van ons strewe om:

- 'n gebalanseerde onderrigleer- en navorsingsuniversiteit te word; en
- om die instelling nasionaal en internasionaal verder te posisioneer.

Die NWU sal in 2011 verder fokus op die bereiking van ons missie en op tasbare vordering met ons slagspreuk "Innovasie deur diversiteit". Hierin kan ons op die goeie fondament van die afgelope jare bou. Die boustene van hierdie fondament is goed bekend:

- Die NWU is in 2010 vir die vierde agtereenvolgende jaar aangewys as die korporatief bestuurde universiteit in Suid-Afrika.
- Met betrekking tot onderrig-leer, is ons onder die top vyf in Suid-Afrika wat deursetkoers betref, terwyl ons tweedebeste is wat graadverkrygingskoers betref – met 26% van ons studente wat elke jaar afstudeer.
- Wat totale navorsingsuitsette betref, lê die NWU onder die top ses in Suid-

Afrika. 2009 se totale navorsingsuitset was 1 190, 'n verbetering van 10% op 2008. Daarby het ons in 2009 die tweede-meeste THRIP-inkomste gekry van al die universiteite in Suid-Afrika.

- Vir 2011 word die grootskaalse infrastruktuurontwikkelings op al die kampusse voortgesit, met 'n belegging van meer as R270 miljoen wat voltooiing sal bereik.
- Transformasie bly hoog op die agenda. In hierdie opsig het die NWU-Raad in November 2010 'n belangrike besluit oor studente-diversiteitsteikens geneem, met verskillende diversiteitsmikpunte vir 2020. Vir Mafikeng word 'n diversiteitsteiken van 90% swart en 10% wit (tans 99%:1%), vir Potchefstroom 70% wit en 30% swart (tans 76:24) en vir Vaaldriedriehoek 'n teiken van 75% swart en 25% wit (tans 69:31) gestel. Dit sal die totale samestelling vir voltyds-voorgraadse studente aan die NWU in 2020 by 43% wit (tans 49,1%) en 57% swart (tans 51,9%) bring. Hierdie teikens word gestel binne die raamwerk dat Mafikeng die ankerkampus vir Setswana word en Potchefstroom die ankerkampus vir Afrikaans bly.
- Die NWU handhaaf volhoubare finansiële stabiliteit en groei. Ons surplus vir 2010 sal om en by R40 miljoen wees, en ons begroting vir 2011 beloop net meer as R2 miljard.

Baie dankie vir elkeen se bydrae tot hierdie boustene van die fondament. Sterkte vir die bouwerk in 2011 en geniet elke oomblik van die opwindende tye waarin ons leef!

Jesus Cloet

Topbestuur dra nuwe hoede

Die NWU se topbestuur spog vanaf Januarie 2011 met 'n nuwe struktuur. Die postitels van die uitvoerende direkteure wat verantwoordelik is vir onderrig-leer en vir navorsing is byvoorbeeld verander na adjunk-vicekanseliers en 'n nuwe pos, Uitvoerende Adviseur: Transformasie en Diversiteitsbestuur, is deur die NWU-Raad ingestel.

Dié veranderinge is deel van die herstrukturering van die verantwoordelikhede van die Institusionele Bestuur.

Die Raad het besluit dat 'n onderskeid getref moet word tussen posisies wat te doen het met die NWU se kernbesigheid, naamlik onderrig-leer en navorsing, en nie-akademiese of besigheidsposisies. Daarom is besluit op die postitel "adjunk-vicekanselier" vir die posisies onderrig-leer en navorsing. Dit vervang die titel van "uitvoerende direkteur".

TWEE ADJUNK-VICEKANSELIERS

Die pos vir Adjunk-vicekanselier: Onderrig-Leer is geadverteer en die proses om 'n geskikte persoon aan te stel, is goed op dreef. Dié proses vind plaas onder leiding van 'n keurkomitee van die Raad.

Prof Frikkie van Niekerk, wat eers die Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie was, se postitel is nou verander na Adjunk-vicekanselier: Navorsing, Innovasie en Tegnologie. 'n Paar veranderinge is ook aan sy portefeulje aangebring.

Inligtingstegnologie, wat voorheen deel was van die Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite se portefeulje, ressorteer nou onder prof Frikkie.

Internasionalisering is nuut bygevoeg en 'n deel van Bestuursinligting is vanaf die Institusionele Registrateur se portefeulje hierheen verskuif.

VERANTWOORDELIKHEDE VERANDER

Die uitvoerende direkteure se postitels bly onveranderd, maar die verantwoordelikhede van sommige van hulle het wel verander.

Hul postitels is die volgende:

- Prof Johan Rost, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite
- Me Phumzile Mmope, Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge
- Mnr Victor Mothobi, Uitvoerende Direkteur: Mensekapitaal

Veranderinge aan hul portefeuljes is die volgende:

Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite – Sake- en Ondernemingsontwikkeling (insluitende Cachetpark) was eers deel van die portefeulje van die voormalige Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie en ressorteer nou hier.

Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge – 'n Deel van Konvokasie- en Alumnisake is vanaf die portefeulje van die

Institusionele Registrateur hierheen verskuif en Institusionele Bevordering is bygevoeg.

PORTEFEULJE AANGEPAS

Die postitel van prof Themba Mosia, die Institusionele Registrateur, het onveranderd gebly, maar 'n paar veranderinge is aan sy portefeulje aangebring.

Die Kwaliteitskantoor, wat voorheen deel was van die portefeulje van die voormalige Uitvoerende Direkteur: Onderrig-Leer is nou deel van prof Themba se verantwoordelikhede.

Hoewel Bestuursinligting nie meer deel van sy portefeulje is nie, is hy nog verantwoordelik vir die HEMIS-verslagdoening, in noue samewerking met Bestuursinligting. (HEMIS staan vir *Higher Education Management Information System*.)


NUWE POS GESKEP

'n Nuwe pos is in die Kantoor van die Vicekanselier geskep, naamlik Uitvoerende Adviseur: Transformasie en Diversiteitsbestuur. Dit is 'n driejaarkontrakposisie wat die Raad goedgekeur het en binnekort gevul sal word.

Prof Marlene Verhoef beklee die ander pos van Uitvoerende Adviseur in die Vicekanselier se kantoor. Dié pos se nuwe titel is Uitvoerende Adviseur: Strategie en Projekte.

Besoek die NWU se webblad vir meer inligting oor die Institusionele Bestuur en hul portefeuljes.

Die Institusionele Bestuur van die NWU lyk so:



Wees veilig en gesond in jou werkplek

Soos alle instellings, moet die NWU ook aan die vereistes van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid voldoen. Eish! het vir mnr Ernst Kamffer, Institusionele Koördineerder: Beroepsgesondheid en Veiligheid, gevra wat reeds gedoen is en wat nog gedoen moet word om aan dié vereistes te voldoen.

Of jy nou agter 'n lessenaar sit, in 'n laboratorium werk, of selfs net die trappe in jou werkplek klim, beroepsgesondheid en veiligheid raak jou as NWU-personeelid.

Dit is trouens so belangrik vir die NWU se Institusionele Bestuur dat die ontwikkeling, implementering en bestuur van 'n geïntegreerde stelsel daarvoor een van die strategiese prioriteite in die Institusionele Plan vir 2011-2013 is.

“Ons het in 2010 reeds die grondslag gelê sodat ons dié stelsel vanjaar gelyktydig op al vier die NWU-besigheidseenhede kan uitrol,” sê mnr Ernst Kamffer, Institusionele Koördineerder: Beroepsgesondheid en Veiligheid.

VOORBEREIDING

“Om aan die wet te voldoen, het ons in 2010 bepaalde strukture gevestig en poste geskep en gevul,” sê Ernst.

Daar is tans 195 opgeleide beroepsgesondheids- en veiligheidsvertegenwoordigers dwarsoor die NWU, asook 'n aantal noodhelpers en voorval-onderzoekers.

Behalwe strukture en poste, het opleiding ook in 2010 aandag gekry. Bestuur op alle vlakke is opgelei rakende die wetlike vereistes en hul rol en verantwoordelikhede om 'n gesonde, omgewingsvriendelike en veilige werkplek vir almal by die NWU te verseker.

Dié onderwerp sal ook voortaan ingesluit word in die bekendstellingsprogram vir nuwe personeel.

GROOT PLANNE

Volgens Ernst stel die span beroepsgesondheids- en veiligheidskoördineerders verskeie doelwitte vir 2011.



Mnr Ernst Kamffer (agter links) is die Institusionele Koördineerder: Beroepsgesondheid en Veiligheid en me Anne-Marié van Zyl (regs agter) is sy administratiewe assistent. Me Sarah Nyelimane (voor), senior laboratoriumhulp (Mikrobiologie) by die Skool vir Omgewingswetenskappe en Ontwikkeling op die Potchefstroomkampus, is baie gestel daarop om die korrekte veiligheidstoerusting te gebruik wanneer sy met die outoklaaf in die laboratorium werk.

Personeel van die NWU sal byvoorbeeld binnekort 'n ikoon op hul rekenaarskerms hê waarop hulle kan klik om insidente elektronies aan te meld.

Behalwe elektroniese aanmeldings, sal personeel, studente, besoekers en kontrakteurs steeds 24 uur per dag insidente telefonies of persoonlik kan aanmeld by die kontrolekamers van Beskermingsdienste op elke kampus.

“Ons wil ook vanjaar saam met Mensehulpbronne seker maak dat die fisiese vereistes vir sekere kritiese poste – byvoorbeeld dié waar werknemers met gevaarlike chemiese

middels werk – duidelik in hul posprofiele uiteengesit is,” sê Ernst.

IDENTIFISEER DIE RISIKO'S

Die beroepsgesondheids- en veiligheidskoördineerders (hou die @NWU dop vir hul name) sal ook gedurende 2011 risikoanalises vir elke gebou en elke laboratorium dwarsoor die Universiteit fasiliteer, ter ondersteuning van lynbestuurders.

Analises oor gesondheidsrisiko's, byvoorbeeld opnames oor geraasvlakke, beligting, ergonoomika en gevaarlike chemiese middels, sal daarna volg.



Die navorsers wat by UPSET betrokke is, is kloksgewys me Mari-Leigh Pienaar, me Fanny Lacroix, prof Susan Coetzee-Van Rooy, mnr Joe Mahlasela, dr Haidee Kruger, prof Jan-Louis Kruger, prof Bertus van Rooy, dr Gustav Butler, dr la Esterhuizen, dr Wena Coetzee, me Sulene Pilon, me Este Hefer, me Melanie Law en me Maristi Partridge.

UPSET 'n eerste vir Vaalkampus

As jy dink die akroniem UPSET verwys na hartseer of ontsteltenis, slaan jy die bal mis! Trouens, navorsers op die Vaaldriehoek-kampus is alles behalwe ontsteld oor UPSET, wat die eerste navorsingsfokusarea is wat op dié kampus tot stand gekom het.

UPSET, wat in 2010 goedgekeur is, staan vir *Understanding and Processing Language in Complex Settings*. In Afrikaans is dit die Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Omgewings.

UPSET se visie is om stelselmatige navorsing te doen oor hoe taal in komplekse omgewings verstaan en geprosesseer word, spesifiek op die terreine van taalpraktyk (vertaalstudies) en meertaligheid.

“Die navorsers in UPSET wil uiteindelik die mens se begrip van die interafhanklikheid van taal- en menslike waarneming verdiep,” sê prof Bertus van Rooy, die Direkteur van dié splinternuwe entiteit.

INSTRUMENT VOLG OOGBEWEGINGS

Een van die interessante ontwikkelinge in UPSET is die gebruik van 'n oogvolgstelsel om uit te vind wat gebeur in die brein terwyl iemand probeer om 'n taal te verstaan en te prosesseer. Terwyl 'n persoon 'n teks lees, neem die stelsel tot 500 foto's per sekonde

van die oë en reconstrueer dan hoe die oë die inligting van 'n rekenaarskerm vol woorde of beelde opgeneem het.

Oogvolgnavorsing op die terrein van taal en die intellek staan nog in sy kinderskoene in Suid-Afrika.

Oogvolgprojekte in UPSET behels ondersoek na die kykpatrone van:

- mense wat na visuele materiaal byvoorbeeld televisieprogramme of films kyk;
- mense wat na visuele materiaal met onderskrifte kyk;
- vertalers en redigeerders terwyl hulle werk; en
- meertalige lesers wanneer hulle vergelykbare tekste in verskillende tale lees.

Deur mense se kykpatrone in sulke situasies te bestudeer, kan waardevolle inligting ingewin word oor hoe mense taal verstaan en prosesseer.

SUID-AFRIKAANSE OMGEWING IS IDEAAL

Suid-Afrika se meertalige omgewing bied aan UPSET die ideale laboratorium om baanbrekersnavorsing te doen wat die potensiaal het om gevestigde teorieë wêreldwyd uit te daag.

Tradisionele navorsing oor die aanleer en gebruik van taal is dikwels gebaseer op die (verskuilde of waarneembare) aanname dat

mense gewoonlik eentalig is. Gevolglik word meertaligheid as 'n 'probleem' gesien.

Dié voorveronderstelling beïnvloed weer die manier waarop navorsers oor sake soos byvoorbeeld taalvaardigheidsontwikkeling dink. Wanneer die meertalige intellek en sy voordele die navorsingsonderwerp is, word menige bestaande aannames oor die aanleer van taal omver gewerp.

Die navorsers van UPSET hoop om met hul navorsing die realiteite van meertalige mense wat taal in komplekse omgewings aanleer en gebruik, te weerspieël.

“Die toevoeging van UPSET tot die NWU se navorsingsentiteite-model bewys dat die Universiteit se strategiese verbintenis om sy navorsingsimpak nasionaal én internasionaal uit te brei, positiewe resultate lewer,” sê prof Bertus.



Oogvolginstrumente soos dié help die navorsers van UPSET om uit te vind hoe mense taal verstaan en prosesseer.



Die Vaaldriehoek-kampusrektor, prof Thanyani Mariba, (middel agter), saam met 'n groep eerstejaar-studente.


NWU bars uit sy nate

Die Noordwes-Universiteit bars vanjaar uit sy nate weens die groot getal eerstejaars wat gedurende Januarie 2011 gearriveer het.

Die Potchefstroomkampus was op Saterdag 15 Januarie 2011 die eerste om nuwelinge te verwelkom. Volgens prof Herman van Schalkwyk, Kampusrektor, is nagenoeg 7 500 "rou" aansoeke, waarvan bykans 4 700 voorlopig aanvaar is, ontvang. Die meeste aansoeke is in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe ontvang, gevolg deur Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Opvoedingswetenskappe, Natuurwetenskappe, Lettere en Wysbegeerte, Regte, Ingenieurswese en Teologie.

Ongeveer 2 100 eerstejaars is Sondag 23 Januarie deur die Kampusrektor, prof Dan Kgwadi op die Mafikengkampus verwelkom. Tydens die inligtingsessie is sake soos registrasie, akkommodasie en beurse aangespreek, en die voornemende studente het ook die geleentheid gekry om die Studenteraad te ontmoet.

Meer as 1 700 eerstejaars is op Saterdag 29 Januarie op die Vaaldriehoekkampus verwelkom. Die Kampusrektor, prof Thanyani Mariba, het gesê die Kampus se totale studentetelling oor 'n tydperk van drie jaar toon 'n skerp opwaartse kurwe, met groei vanaf 3 744 in 2008 tot 5 269 in 2010. Die groei kan slegs in perspektief beskou word as daar in ag geneem word dat die totale studentetelling 'n dekade gelede op 1 000 gereken is.



Op die Potchefstroomkampus het die eerstejaars en hulle ouers elke denkbare spasie beset.

Prof Dan Kgwadi, Mafikengkampusrektor, (heel links), gesels met 'n paar ouers tydens die Kampus se inligtingsessie vir eerstejaars.



Ons brei uit in 2011

Die Departement Fisiese Infrastruktuur en Beplanning het groot planne vir 2011 en Eish! het met me Liesel van Wyk, Afdelingshoof, gaan gesels om meer hieroor te wete te kom.

Volgens Liesel is die grootste fokus vir hierdie jaar om die projekte wat deur die Departement vir Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) befonds word, klaar te maak. Die Departement het in 2010 R210 miljoen aan die NWU beskikbaar gestel om opgraderings te doen en infrastruktuur te ontwikkel in spesifieke, geïdentifiseerde vakgebiede. Hierbenewens het die NWU self R60 miljoen bygedra.

Op die Mafikengkampus

Hier sal die geld onder andere aangewend word om 'n wetenskapkompleks vir die opleiding van wetenskaponderwysers en BSc-studente te bou. Hierdie kompleks sal uit laboratoria – waarmee hierdie jaar begin word – en voorgraadse klaskamers met 700 sitplekke – wat bykans voltooi is – bestaan.

Die Modiri Molema-koshuis is sopas klaar opgegradeer en twee nuwe koshuise met onderskeidelik 220 en 219 beddens is voltooi.

Dit is egter nie die enigste ontwikkelinge wat op die Mafikengkampus beoog word nie. Anatomie- en biologieselaboratoriums word vir Diergesondheid beplan, die proefdierplaas word opgegradeer en veranderinge sal aan die biblioteek aangebring word. Die James Moroka-koshuis word ook opgegradeer, en die Sokkerinstituut se behuising sal hierdie jaar gebou word.

Op die Potchefstroomkampus

Op hierdie kampus is daar ook groot dinge aan die gang. 'n Nuwe dameskoshuis, soortgelyk aan Heide en Karlien, word moontlik beplan om voorsiening te maak vir die groeiende getal studente op die Kampus.

Die aanbouings aan die Exelsior-manskoshuis is so te sê klaar en voortaan sal die koshuis 80 meer studente kan huisves. Volgende aan die beurt is die opgradering van die manskoshuise Hombré en Caput en dan ook die dameskoshuis Eikenhof. Die dameskoshuis Minjonet se buite-opknapping gaan ook hierdie jaar aandag kry.

Een van die grootste projekte wat tans voltooi aan die gang is, is 'n Ingenieurswese-kompleks wat net anderkant die Botaniese Tuin gebou word. Hierdie kompleks sal voortaan die skole vir Chemie en Minerale Ingenieurswese en Elektriese, Elektroniese en Rekenaaringenieurswese huisves. Hierdie projek word ook gefinansier uit die fondse wat deur die DHOO beskikbaar gestel is.

Die DHOO-fondse sal ook aangewend word vir die opgradering van die anatomielaboratorium by die Fakulteit Gesondheidswetenskappe. Hierbenewens brei die Skool vir Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe se ruimtes uit na die grondvloer van gebou G3 (ou IT-kantore).

Nog opwindende nuus is dat die Biblioteek ook onder andere 'n koffiewinkel gaan kry, en dat die bouwerk aan die nuwe gebou vir die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe in volle swang is.

Op die Vaaldriehoekkampus

Die fondse van die DHOO word ook hier ingespan en 'n aantal werksinkels en 'n akademiese gebou word opgerig as deel van 'n kompleks vir die tegniese opleiding van onderwysers.

Die Universiteit se eie fondse word verder aangewend om 'n nuwe biblioteek te bou. 'n Addisionele nagraadse koshuis wat 84 studente kan huisves, is in sy eerste fase van ontwikkeling, en die langverwagte studentesentrum sal hierdie jaar voltooi word.

Uit bogenoemde blyk dit dat Fisiese Infrastruktuur en Beplanning hierdie jaar hulle hande gaan vol hê, en Liesel is vol selfvertroue dat hul span 'n sukses van al hierdie projekte sal maak.

“Hierdie jaar gaan julle nie net fisiese bewyse van ons werksaamhede sien nie, maar ons beoog ook om meer met personeel te kommunikeer, veral wat kragverbruik en -besparing betref,” sê sy. Personeel kan voortaan onder andere SMS'e te wagte wees wanneer daar weer van noodkrag gebruik gemaak word.

Die Ingenieurskompleks wat tans op die Potchefstroomkampus gebou word, vorder fluks.



Groot planne en geesdrif

In ons reeks oor die viserektore van die NWU kom prof Amanda Lourens, die Potchefstroomkampus se Viserektor: Navorsing en Beplanning, in hierdie uitgawe aan die beurt. Eish! het haar uitgevra oor haar portefeulje en haar planne vir die Kampus.

Wanneer 'n mens na prof Amanda Lourens kyk, sal jy nooit sê sy het in graad een besluit boekgeleerdheid is nie vir haar bedoel nie.

Danksy die skoolhoof wat haar by die huis gaan haal het nadat sy tydens pouse gedros het, het die leer-gogga tog gebyt. Trouens: later kon sy weer nie ophou studeer nie.

Vandag nog bestudeer sy lywige boeke soos *The Great American University* van Jonathan R Cole – 'n publikasie waaruit sy baie inspirasie put vir haar werk as Viserektor: Navorsing en Beplanning op die Potchefstroomkampus.

Dié pos, wat sy sedert 1 Januarie 2010 beklee, pas haar soos 'n handskoen, omdat sy 'n passie het vir strategiese beplanning en navorsingsontwikkeling en -bestuur.

Prof Amanda se portefeulje sluit ook goed aan by haar jarelange ervaring as statistikus en navorsingsbestuurder. Deel van dié ervaring het sy opgedoen vanaf 2006 tot 2009 toe sy die pos as Direkteur: Navorsingsondersteuning by die NWU se Institusionele Kantoor beklee het.

OPWINDENDE PLANNE

Strategiese projekte vir die Kampus soos uiteengesit in die Kampusplan behels onder meer die volgende:

- Die uitbou van internasionalisering en die aanstel van 'n direkteur om dié doelwit te bereik.

- Die bevordering van kommersialisering op die Kampus.
- Die verdere verfyning van die interpretasie en modellering van kampusbestuursinligting sodat die Kampus dit maklik kan gebruik vir hul beplanning.
- Die ondersoek na die moontlikheid om siviele en mynbouingenieurswese en programme in die bou-omgewing in die toekoms aan te bied, ondersoek na 'n mediese skool en die uitbou van waterstudies en landbouwetenskappe.

GERIG OP NAVORSING

Die missie van die Kampus is om 'n navorsingsgerigte kampus te word waar uitnemendheid in onderrig-leer en navorsing mekaar aanval.

“Ons wil byvoorbeeld ook die getal nagraadse studente verhoog, die nagraadse prosesse en ondersteuning aan dié studente verfyn en die program vir nadoktorale genote verder uitbrei. Daarby is die Kampus ook besig om agt poste vir navorsingsprofessore – een by elke fakulteit, in 'n navorsingsentiteit – te vul.”



klein verpak

BREINPAKKIES VOL PITKOS

Prof Amanda wil ook die programme vir die ontwikkeling van navorsers verder implementeer en die navorsingskultuur versterk. "Ons wil byvoorbeeld die navorsingsgesprekke – soos die baie suksesvolle 'breinpakkie-inisiatief' wat ons verlede jaar begin het – verder uitbou."

Tydens dié breinpakkie-gesprekke deel van die NWU se voorste navorsers hul ervaring met kollegas en nagraadse studente.

"Die idee is geskoei op die 'brown bag lunches' wat eie is aan oorsese universiteite," sê prof Amanda.

Die breinpakkie-gesprekke vind 'n paar keer per jaar plaas, gewoonlik op 'n Vrydag. Tydens dié byeenkomste word daar nie net vir breinkos gesorg nie – die Ferdinand Postma-biblioteek borg ook die bruinpapiersakkie met eetgoed vir elkeen.

VERNUWING VIR DIE BIBLIOTEK

"Om steeds beter ondersteuning te bied vir studente en navorsers wil ons ook fokus op die vernuwing van die Ferdinand Postma-biblioteek. Die idee is om soortgelyke geriewe hier beskikbaar te stel as dié van onder meer die Universiteit van Newcastle in Australië en die Universiteit van Glasgow in Skotland."

Ruimtes met gemakstoel is reeds in die biblioteek ingerig om groepsamewerking te vergemaklik. Verdere planne vir die biblioteek sluit die beskikbaarheid van WiFi en 'n klein kiosk/koffiewinkel in.

OP 'N PERSOONLIKE NOOT

Prof Amanda stel ook vir haarself persoonlike doelwitte. Een hiervan is om haar golfvoorgee vanjaar te verbeter.

"Dis vir my belangrik om alles wat ek aanpak met geesdrif en hope energie te doen," sê sy. "Ek het byvoorbeeld die ballet- en klavierlesse wat ek tot op hoërskool geneem het, baie geniet en ek speel nog so af en toe klavier."

Sy het in Tzaneen grootgeword en aan die Universiteit van Pretoria studeer, waar sy ook haar man, Thys, by 'n koshuisfunksie in hul eerstejaar ontmoet het. "Ons koshuisjare was wonderlik en sorgvry," sê sy.



Prof Amanda Lourens (agter regs) en haar gesin ná 'n rondte golf by die Wildekus in KwaZulu-Natal. Voor is haar eggenoot, Thys, en agter is van links Matt (15) en Adele (10).

Deesdae is haar idee van sorgvryheid vakansies saam met haar gesin op tropiese eilande, waar sy kan golf speel, lees en in die warm water kan swem en snorkel. Maar vir die volgende paar maande gaan daar nie tyd vir eilanddrome wees nie – daarvoor gaan haar werk haar te besig hou.

Sy sê die lekkerste van haar werk is om te sien hoe navorsers se CV's deur die jare ontwikkel. "Dit is vir my heerlik om in hul opgewondenheid te deel wanneer hulle byvoorbeeld 'n artikel publiseer, fondse vir hul navorsing kry, of deur die Nasionale Navorsingstigting gradeer word."

STERKPUNTE

Prof Amanda beskou die toegewydheid en kundigheid van die navorsers as een van die sterkpunte van die Kampus. "Hul positiewiteit maak my werk vir my maklik," sê sy.

'n Ander sterkpunt is die NWU se navorsingsmodel wat voorsiening maak vir navorsingsentiteite op verskillende vlakke – van nisareas tot by sentra van uitnemendheid. Die twee spogentiteite op die Kampus is tans die Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding en die Sentrum vir Ruimtenavorsing, wat albei aan internasionale norme voldoen.

Nog 'n sterkpunt is die moderne navorsingsgeriewe en gespesialiseerde toerusting op die Kampus. "Ons kan egter nie in dié opsig

op ons louere rus nie. In pas met ons strewende om 'n navorsingsgerigte kampus te word, moet ons die beskikbare werksruimte vir navorsers steeds verder uitbrei," sê sy.

Aan planne en geesdrif ontbreek dit die fyngeboude prof Amanda nie. Die steekse graad een-leerling het ontluik in 'n inspirerende leier wat daarna streef om die verhaal van *The Great American University* ook die storie van die NWU as "Die Uitnemende Suid-Afrikaanse Universiteit" te maak.

My gunstelingdis: Roerbraaigeregte en pasta.

My gunstelingboek: Outobiografieë soos *Second is nothing* van Alan Knott-Graig, wat Vodacom tot stand gebring het.

My gunstelingflied: *The bucket list*.

Dit laat my lag: My twee kinders verskaf groot vermaak.

My gunstelingdier: Ek hou van dolfyne – hulle intelligensie, groepsgedrag, kommunikasie en navigasie in die water is uniek.

Hiervan hou ek in mense: Eerlikheid, 'n sin vir humor en energie.

Met hierdie persone sal ek graag wou gesels: Madiba en Marie Curie, wat in 1903 die eerste vrou geword het om die Nobelprys vir Fisika te ontvang.

My gunstelingvakansieplek: Tropiese eilande soos die Bahamas, Mauritius of Florida Keys.

Sokkerinstituut – dubbele kampioen

Die span van die Mafikengkampus se Sokkerinstituut het hulle Universiteitsport Suid-Afrika- (USSA) titel suksesvol verdedig tydens die opwindende kampioenskapstoernooi wat in Desember 2010 by Rhodes-Universiteit in Grahamstad gehou is.

Die pad na die eindstryd was nie met rose besaai nie. Die kampusspan moes eers 'n verbete Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit aanpak, vir wie hulle 1-0 gewen het.

Hulle tweede ontmoeting was in 'n goedgebalanseerde wedstryd teen die Universiteit van Pretoria, wat 0-0 geëindig het. Die derde wedstryd teen die Sentrale Universiteit van Tegnologie het ook gelykop geëindig met een doel elk.

Die kampusspan het na die kwarteindrondte deurgedring deur Limpopo Universiteit 2-0 te

vermorsel, en in die halfeindstryd het hulle Tshwane Universiteit van Tegnologie met 2-1 kafgedraf. 'n Taai, uitputtende stryd in die finaal teen die Kaapstadse Northlink Kollege het ná amptelike speelyd gelykop met nul elk geëindig.

Die kampusspan het ook die meeste toekennings opgeraap: Thabo "Jomo" Rakgale is as die speler van die toernooi, Boalefa Pule as die doelwagter van die toernooi, en Amos Xabanisa as die afrigter van die toernooi aangewys.

Voorts is vyf spelers van die span vir die nasionale USSA-span gekies.

Die span het ook geskiedenis gemaak deur die eerste te wees om sedert die ontstaan van die toernooi in 2005 hierdie gesogte trofee twee jaar ná mekaar (2009 en 2010) te wen.

Die span van die Mafikengkampus se Sokkerinstituut was opgewasse vir hulle taak en het die USSA-kampioenskap vir die tweede agtereenvolgende keer gewen.



Van links is prof Dan Kgwadi, Rektor van die Mafikengkampus, prof Marc Schafer, Voorsitter van SAARMSTE, mnr Raymond Elisha, die Noordwesprovinsie se LUR vir Onderwys, en prof Thapelo Mamiala, Voorsitter tydens die amptelike opening van die konferensie.

Konferensie help om 'n brug na die toekoms te bou

Die 19de internasionale konferensie van die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Navorsing oor Wiskunde-, Wetenskap- en Tegnologie-onderwys (SAARMSTE) het van 18-21 Januarie op die Mafikengkampus plaasgevind.

Volgens die Voorsitter van SAARMSTE, prof Marc Schafer, het die konferensie ten doel gehad om kennis te genereer en navorsing te verbeter met betrekking tot Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie, as deel van die strewe om 'n brug na die toekoms te bou.

Die konferensie is bygewoon deur meer as 300 afgevaardigdes – hoofsaaklik Suider-Afrikaanse akademici, opvoeders, navorsers, nagraadse studente, beleidmakers, kurrikulumontwikkelaars en konsultante.

Die Kampusrektor, prof Dan Kgwadi, wat ook 'n lid van SAARMSTE is en voorheen as senior navorsingsontwikkelaar in hul uitvoerende komitee gedien het, het die konferensie amptelik geopen.

Die LUR vir Onderwys in die Noordwesprovinsie, mnr Raymond Elisha, was die hoofspreker. Prof Thapelo Mamiala, Direkteur van die Skool vir Voorgaadse Studies in die Fakulteit Opvoedkunde het as konferensievoorsitter opgetree.

Referate oor die tema: Wiskunde-, Wetenskap- en Tegnologieonderwys (WWTO): 'n brug na die toekoms, sowel as navorsingsreferate oor onderwerpe met betrekking tot WWTO is gelewer.



Mnr Corneels Schabort, 'n dosent van die Skool vir Chemiese en Minerale-ingenieurswese, neem deel aan die 35ste reeks van Noot vir Noot.

Dosent vs oudstudent op Noot vir Noot

Mnr Corneels Schabort, 'n dosent in die Skool vir Chemiese en Minerale-ingenieurswese, sal binnekort op die kassie te sien wees waar hy onder andere sake in Noot vir Noot teen 'n oud-Puk, me Mareli Immelman sal uitspook.

Mareli, wat voorheen hier BA Regte studeer het, sal saam met Corneels deel uitmaak van die uiters gewilde televisieprogram, Noot vir Noot.

Corneels het een Vrydagaand in 2009 'n Noot vir Noot-episode op TV gekyk en gedink dit sal 'n groot uitdaging wees om deel te neem aan die kompetisie. Hy het toe Noot vir Noot geskakel en op 24 Augustus 2009 'n 15 minute oudisie saam met vyf of ses ander mense by die SABC se kantore gedoen.

Corneels meen hy het aanvanklik nie baie goed gevaar in die oudisie nie en het nie veel hoop gehad om gekies te word nie. "Ek is egter tot my verbasing in Maart 2010 gekontak en verwittig dat ek deurgedring het om deel te neem aan reeks 35, wat vroeg in 2011 uitgesaai sal word."

Hou hulle gerus dop! Die nuwe reeks het op Vrydag, 7 Januarie afgeskop. Die programme word elke Vrydag om 19:30 op SABC2 uitgesaai.

Toerisme-dosente beïndruk by internasionale konferensie

Vyf dosente van die Skool vir Toerisme het opnuut op internasionale vlak hul staal gewys.

Verskeie dosente en studente van universiteite regoor Suid-Afrika, die VSA, Turkye, Australië, die Verenigde Koninkryk en Switserland het in Nelspruit byeengekom om die eerste Internasionale Konferensie oor Globale Volhoubare Toerisme van stapel te stuur.

Die Potchefstroomkampus se toerismedosente het sewe akademiese navorsingsvooreleggings voorgedra wat op volhoubare ontwikkeling van die toerismebedryf in Suid-Afrika gefokus het.

Me Susan Oberholzer en prof Elmarie Slabbert het 'n eerste plek verower vir die beste voordrag in die kategorie vir sosiale en ekonomiese impakte op plaaslike gemeenskappe.

Op hul beurt het me Karin Botha, prof Melville Saayman en dr Martinette Kruger 'n derde plek behaal in die kategorie vir effektiewe volhoubare toerismebestuur.



Me Susan Oberholzer (links) en prof Elmarie Slabbert het 'n eerste plek verower tydens die eerste Internasionale Konferensie oor Globale Volhoubare Toerisme.

Fakulteit Teologie boer vooruit

Die Fakulteit Teologie gaan van krag tot krag en sy bekwame personeelkorps is 'n klinkklare bewys hiervan.

Dr Aldred Genade, 'n nadoktorale navorsingsgenoot, is aangestel as die direkteur van 'n nuwe bestuurseenheid, en prof Derrick Mashau van die Skool vir Kerkwetenskappe het 'n reeks suksesvolle seminare in die VSA aangebied.

Dr Aldred is met ingang 1 Februarie as die direkteur van die Skool vir Voortgesette Teologiese Studie en ook as senior lektor in die vakgroep Nuwe Testament benoem.

In sy hoedanigheid as direkteur van dié skool sal hy verantwoordelik wees vir die bestuur van die teologie-afstandsprogramme (TLS), die Fakulteit se verhouding met al sy kontrak-inrigtings, begeleide afstands-

programme en die Fakulteit se voortgesette bedieningstoerustingprogram.

Prof Derrick het die Calvin Theological Seminary in Grand Rapids besoek en sê dit was 'n groot sukses. Hy het twee gaslesings gegee: (1) *Urban Missions and Ministry: A case for the Centre for Reformational Urban Ministry in Africa (CRUMA)* en (2) *Mission for the city: Vision, challenges, and opportunities of mission in the context of urbanisation in Africa.*

Hy beplan ook om 'n formele ooreenkoms met Calvin Theological Seminary daar te stel. Die onmiddellike raakvlak is sy eie navorsingsprojek, *Urban Church planting and ministry*, en Calvin se beoogde Institute for Church Planting. Hierdie samewerking en netwerkgeleentheid kan dan maklik uitgebrei word na ander terreine van gemeenskaplike fokus.



Die vloedwater het beide die lapas oorstrom en sommige kantore in Gebou 24 en Gebou 25 het waterskade opgedoen. (Foto: Eckhardt Booysen)

Vloedwater oorstrom Kampus

Modderpoele en opdrifels so ver as die oog kon sien, was die stille getuienis van die onlangse vloedwater wat deur die kampusgronde van die Vaaldriehoek Kampus gespoel het. Bogemiddelde goeie reënval in die streek, tesame met oorvol damme, het daartoe bygedra dat die vlak van die Vaalrivier met meer as twee meter gestyg het en 'n groot gedeelte van die rivierfront in 'n watermassa verander het. Die skielike styging in die watervlak is teweeg gebring deur die groot aantal sluise wat by die Vaaldam oopgemaak is.

Kampus onderteken internasionale **samewerkingsooreenkoms**

'n Samewerkingsooreenkoms tussen die Vaaldriehoek Kampus en Oberlin Kollege in Ohio, Amerika, is onlangs onderteken. Dié ooreenkoms dui die begin van langtermynsamewerking tussen die twee instellings aan.

Die Kampusrektor, prof Thanyani Mariba, het die ooreenkoms namens die Kampus onderteken. Hy is vergesel deur verteenwoordigers van die Fakulteit Geesteswetenskappe, die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie sowel as lede van die Kampusbestuur.

Volgens die ooreenkoms sal daar veral gefokus word op areas van gemeenskaplike belange in navorsing; opleiding; hoër-onderwys; opleiding; tegnologiese-oordrag

en die langtermynverspreiding van akademiese inligting.

Die Kampus en Oberlin sal onder andere saamwerk wat betref uitruilprogramme vir akademië en studente, medewerking in terme van gepubliseerde artikels, ondersteuning vir nadoktorale studies en die stel van internasionale norme vir studententwikkeling.

Die ooreenkoms neem die bestaande verhouding tussen die twee vennote 'n stap verder. 'n Afvaardiging van Oberlin Kollege het reeds twee vorige besoeke aan die Kampus afgelê en oor 'n tydperk van vyf jaar is 15 studente van Oberlin reeds op die Kampus verwelkom. Tydens hierdie onderskeie besoeke was die fokus op verskeie



Professor Sean Decatur, Oberlin Kollege (links) en prof Thanyani Mariba, Kampusrektor, ná die ondertekening van die same-werkingsooreenkoms.

uitreikprogramme in die Vaaldriehoek-gemeenskap. Volgens prof Thanyani sal beide fakulteite by hierdie ooreenkoms baat en word daar met afwagting uitgesien na die toekomstige resultate.

Mense wat myle stap

Hierdie jaar skop ons weer op 'n positiewe noot af en gee ons erkenning aan kollegas regoor die NWU heen wat altyd bereid is om die ekstra myl te loop in hul daaglikse werkverrigting.

Me Corlia de Beer, junior bedryfstelselspesialis in die Departement Studente Administratiewe Stelsels in die Institusionele Kantoor gaan altyd uit haar pad om ander te help. "Vir Corlia is geen versoek ooit te veel moeite nie – sy handel enige taak vinnig en met 'n glimlag af," prys mnr Albert Janse van Rensburg, senior interne ouditeur van die Departement Interne Oudit. "Haar positiewe ingesteldheid raak almal rondom haar en haar kundigheid verstom haar kollegas."

Volgens mnr Greg Roberts, Afdelingshoof en senior rekenmeester van die Departement Finansiële Administrasie: Inkomste op die Potchefstroomkampus, is **me Nannet Behrens**, sekretaresse van dié departement 'n pragtige voorbeeld van hoe 'n NWU-personeelid die tweede en selfs meer myle sal stap vir ander. "Omdat ons verantwoordelik is vir studenterekeninge en diverse debiteure, is goeie kliëntediens baie belangrik, en Nannet help altyd almal vriendelik en beleefd. As iemand nie beskikbaar is nie, neem sy boodskappe en skakel sy altyd kliënte terug met die regte inligting of kontakbesonderhede. Sy is 'n raakvatter met die reël van groot geleenthede en dra al ons personeel op die hande," sê Greg.

Nog 'n personeelid wat 'n pluimpie verdien, is **me Sunelia Rietkerk**, 'n administratiewe assistent in die Departement Finansies op die Vaaldriehoekskampus. Me Helei Jooste, sekretaresse van die Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie op dieselfde kampus is van mening dat sy altyd die tweede myl loop – met 'n glimlag. "Sunelia is 'n ware staatmaker – sy is altyd vriendelik en behulpsaam, en as sy sê sy sal jou help, weet jy jy kan maar ontspan!"

Me Madelein van der Merwe, Direkteur van Interne Oudit in die Institusionele Kantoor neem graag haar kans waar om vir **me Juanita van den Berg**, hoof-administratiewe beamppte in die Departement Mensehulpbronne: Bedryf te nomineer. "Geen moeite is ooit te veel vir Juanita nie. Sy reageer altyd onmiddellik op navrae en lewer flinke en professionele diens," sê Madelein. "Sy het 'n baie goeie kennis van haar werk en alle mensehulpbronnaangeleenthede en verdien beslis om geprys te word."

Mnr Johan Pyper, 'n bemarker in die Departement Bemaking en Kommunikasie op die Potchefstroomkampus, is nog 'n staatmaker. "Hy is altyd ongelooflik entoesiasies oor sy werk – maak nie saak waar hy is nie. Of hy nou besoeke aan skole dwarsoor die land aflê, of met besoekers aan die Kampus of voornemende studente

besig is, lêwe hy sy werk," sê me Kiewiet Scheppel, media-woordvoerder van dieselfde departement. "Hy sal altyd die tweede myl stap om enige ouer of voornemende student te help om hulle op die regte plek of by die regte persoon te kry."

Me Pauline Kühne, sekretaresse in die kantoor van die Rektor van die Vaaldriehoekskampus, prof Thanyani Mariba, nomineer graag vir **me Alma Terblanche**, 'n senior administratiewe assistent in die Departement Finansies van dieselfde kampus. "Dit is vir ons baie belangrik dat betalings vinnig afgehandel moet word en ek kan nie my dagtaak sonder Alma verrig nie." Volgens Pauline is Alma 'n staatmaker en getuig haar diens van kundigheid en kwaliteit.

Die personeel van die Departement Mensehulpbronne: Bedryf in die Institusionele Kantoor skitter! **Me Mary Monaisa**, 'n salarisbeamppte in dié departement, se harde werk gaan nie ongesiens verby nie. "Mary is 'n baie kundige persoon op haar gebied en het my baie gehelp om probleme met eisvorms op te los. Sy hou altyd haar beloftes en kom altyd terug na jou toe met 'n oplossing. Dankie Mary, ek waardeer jou wonderlike diens," sê mnr Godfrey Baile Mareme, hoofredakteur van Sefala-Setnaleu in die Vakgroep Setswana in die Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe op die Mafikengkampus.

"Sy is my regterhand en alles wat sy doen is uitstekend." So sê me Sindy Pieterse, sekretaresse van die Skooldirekteur vir Gedragwetenskappe op die Vaaldriehoekskampus van **me Marietjie Willemse**. Marietjie is 'n administratiewe assistent in die Direkteur se kantoor en help graag altyd almal met oorgawe. "Sy is 'n ware staatmaker en 'n aanwinst vir ons!"

As jy graag 'n kollega wat die tweede myl in die uitvoering van sy/haar daaglikse pligte stap, wil nomineer, stuur gerus 'n e-pos aan Marelize.Santana@nwu.ac.za. Onthou om jou en die persoon wat jy nomineer se postitel en departement of skool ook in die e-pos aan te dui.

CORLIA DE BEER



NANNET BEHRENS



SUNELIA RIETKERK



JUANITA VAN DEN BERG



JOHAN PYPER



MARIETJIE WILLEMSE



MARY MONAISA



ALMA TERBLANCHE



En die **wenners** is...

Baie geluk aan die volgende kollegas wat elk 'n korporatiewe geskenk gewen het:



Institusionele Kantoor: Me Marlene Wiid, administratiewe beampte, Fisiese Infrastruktuur en Beplanning



Mafikengkampus: Me Tsholofelo Leeuw, kantoor-administrateur, Sentrum vir Gemeenskapsreg



Potchefstroomkampus: Dr Aldred Genade, Direkteur: Skool vir Voortgesette Teologiese Studie



Vaaldriehoekkampus: Mnr Isaac Ngcolo, tegniese assistent, Tegniese Dienste

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het – ons het behoorlik 'n klomp inskrywings van elke besigheidseenheid van die NWU ontvang. As jy hierdie keer nie so gelukkig was nie, is daar nou wéér 'n kans om aan ons opwindende kompetisie deel te neem.

Wen! Wen! Wen!

Jy kan 'n korporatiewe **geskenk wen** – vind net hierdie **10 antwoorde!**

1.  2.  3.  4.  5. 

Identifiseer die nabyskote en verskaf die bladsynommers waar hulle verskyn.

- 6: Wat is prof Frikkie van Niekerk se nuwe titel?
- 7: Waarvoor staan UPSET?
- 8: Watter fakulteit op die Potchefstroomkampus het die meeste hoeveelheid eerstejaarsaansoeke ontvang?
- 9: Waar het prof Amanda Lourens grootgeword?
- 10: By watter studente-administratiewe en -bestuurstelsel se ontwikkeling is die NWU betrokke?

STUUR JOU ANTWOORDE AAN:

Pos: Marelize Santana, Interne bussie 260

E-pos: Marelize.Santana@nwu.ac.za met Eish! in die onderwerpblakkie.

Onthou: Noem ook asseblief jou personeelnommer, titel, voornaam, van, postitel, naam van jou afdeling en kampus.

Die eerste korrekte inskrywing per besigheidseenheid wat getrek word, sal 'n prys losslaan!

IT help internasionaal sagteware ontwikkel

Die NWU het onlangs die enigste volle deelnemer buite Noord-Amerika geword wat 'n internasionale groep hoëronderrysinstellings help om 'n studente-administratiewe en -bestuurstelsel, bekend as Quali Student, te ontwikkel.

'n Groep personeellede van Institusionele Inligtingstegnologie neem sedert Januarie aan hierdie projek deel. "Deur ons betrokkenheid kan ons verseker dat die Quali-stelselkomponente uiteindelik versoenbaar is met die Suid-Afrikaanse hoëronderrys-omgewing en ons eie behoeftes," sê mnr Attie Juyn, Direkteur: Institusionele Inligtingstegnologie.

Die plan is om oor 'n paar jaar sekere elemente van Quali Student by die NWU te implementeer om die huidige stelsel, bekend as VSS (Varsité-studentestelsel), aan te vul en te verryk. "Die VSS-stelsel is juis ook deur die NWU self ontwikkel. Ons betrokkenheid by Quali Student sluit aan by ons strategie om

self stelsels te ontwikkel, eerder as om net produkte van die rak af te koop," sê Attie.

VOORDELE

Die NWU se betrokkenheid by die ontwikkeling van Quali Student hou verskeie voordele vir die Universiteit in. Een daarvan is dat die Universiteit in die proses goeie kennis opdoen oor die stelsel se voerpunt-tegnologie en funksionering nog voordat die instelling dit self implementeer. Nog 'n voordeel is dat die NWU deel vorm van 'n internasionale ontwikkelingsgemeenskap, en dus die voordele van oopbron-programmatuur kan benut.

"Die programmatuur word deur die hoëronderrysgemeenskap self ontwikkel en behoort aan die betrokke ontwikkelingsgemeenskap. Behalwe dat dit beteken dat enige hoëronderrysinstelling dit kan gebruik sonder om lisensiegeld te betaal, kan deelnemende universiteite ook die ontwikkelingstrategie beïnvloed," sê Attie.

Koste-implikasies wat Quali Student wél vir die NWU inhou, gaan oor die energie en tyd wat NWU-personeel aan die ontwikkeling van die stelsel spandeer en moontlike implementeringskoste later.

ANDER DEELNEMERS

Ander instellings wat by die Quali Student-projek betrokke is, is die Indiana-Universiteit, Carnegie Mellon-Universiteit, Naval Post-graduate School, San Joaquin Delta-Kollege, Universiteit van Kalifornië Berkeley, Universiteit van Maryland, Universiteit van Suid-Kalifornië, Universiteit van Washington en Boston-Kollege.

Mnr Bill McLean, Voorsitter van die Quali Student Board sê hulle is baie bly om die NWU as eerste Suid-Afrikaanse universiteit aan boord te verwelkom, aangesien dit die internasionale teenwoordigheid van die projek verbreed. "Ons is baie gelukkig om juis op dié tydstip 'n vennoot soos die NWU te kan bykry, en ons sien daarna uit om met ons NWU-kollegas saam te werk," sê hy.

Besoek <http://www.kuali.org> en <http://kuali.org/ks/partners> vir meer inligting oor Quali en die deelnemers aan die projek.



Mnr Ernst Kamffer, Institusionele Koördineerder: Beroepsgesondheid en Veiligheid (regs), staan aan die stuur van die NWU se strategie om 'n gesonde en veilige werkomgewing te verseker. Nadat die aanvoorwerk verlede jaar by die NWU gedoen is, word 'n geïntegreerde program vir beroepsgesondheid en veiligheid vanjaar dwarsoor die Universiteit uitgerol.



“ **KREATIWITEIT** is om nuwe dinge uit te dink. **INNOVASIE** is om nuwe dinge te doen. ”

– Theodore Levitt –



www.nwu.ac.za